VOLUME 2/2006

NOVEMBER 2006

HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

STRUISIEBONDER

# TOWERS TRUST INISIATIEF

## Towers Trust

[In die belang van Hoërskool Oudtshoorn]

Toe die Towers Trust in 1990 gestig is, was die uitsluitlike doel daavan om beheer uit te oefen oor sekere bates. Sedertdien het die Towers Trust homself geherposisioneer van 'n relatiewe passiewe liggaam na 'n bemarkingsfondsinsamelingsliggaam met 'n breë aanwendingsveld.

Dit is 'n algemeen aanvaarbare feit dat opvoedkundige inrigtings, waarvan Hoërskool Oudtshoorn een is, vandag op 'n suiwer besigheidsgrondslag bedryf moet word. Finansies en opvoedkunde is onlosmaaklik en die mate waartoe finansies beskikbaar is, bepaal die stand en vooruitgang van die inrigting, in hierdie geval, Hoërskool Oudtshoorn.

Die Towers Turst gaan hom uitsluitlik daarop toespits om in samewerking met die Struisiebond aktiewe bemarking te doen onder oudleerders wat plaaslik, nasionaal en internasionaal woonagtig is. Eerstens om belangstelling aan te wakker in die doen en late van Struisieland en tweedens om finansiële betrokkenheid te verkry wat aangewend kan word tot die gerief en welsyn van die leerders van Hoërskool Oudtshoorn.

Die Towers Trust is uitstekend geposisioneer om hierdie taak te verrig. Fondse sal deur die Raad van Trustees beheer word, wat op hul beurt weer deur 'n eksterne ouditeur gekontroleer sal word.

Mnr. Dave van der Walt sal volgende jaar op 'n voltydse basis as Bemarkingshoof in diens van die Towers Trust wees met die uitsluitlike doel om die bemarkingsaksies van stapel te stuur.



**Hikkie Marais, voorsitter van Towers Trust, aan die woord tydens die onlangse borgefunksie van die skool.**

Die ambisieuse projek se sukses gaan alles afhang van die mate waarmee die oudleerders in hierdie inisiatief sal inkoop en die Raad van Trustees en die Struisieland behulpsaam sal wees.

Kontak asseblief die bemarkingskantoor by Hoërskool Oudtshoorn en help ons om Hoërskool Oudtshoorn 'n wêreldspeler in onderrig te maak.

Hikkie Marais
Voorsitter: Towers Trust. 0824142118

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

**In hierdie uitgawe**


| | |
|---|---|
| Manie Olivier se visie | 2 |
| Matriekmaestro groet | 2 |
| Jongboer van die Jaar | 3 |
| Léander Steynberg | 3 |
| Kort Nuus | 3 |
| Sammy-Joe in SA Squad | 4 |
| Wicus onder wêreld se beste | 4 |


**DATUMS OM TE ONTHOU...**

**Jan 22 Kleuresport: Swem**
**23 Kleuresport: Atletiek**
**Mrt 14 Ohscas**
**24 Sport: Paarl Gim [Paarl]**
**31 KKNK Begin**
**Apr 21 Sportdag: Langenhoven Gim [T]**
**Mei 15-18 Toneelweek**

# MANIE OLIVIER—NUWE VOORSITTER




**Manie Olivier, bekende in sportkringe en staatmaker-leerkrag aan die Laerskool Van Reede, is Struisiebond se nuwe voorsitter. Hy volg Stephan Terblanche op wat as gevolg van werksverpligtinge bedank het.**

Manie spel sy toekomsvisie vir die oudskolierebond van Struisies soos volg uit:

"As oud-Struisie is dit vir my 'n besondere voorreg om by Stephan oor te neem en ek hoop om 'n bydrae te lewer in die verdere uitbreiding van die Struisiebond.

Daar is baie oud-Struisies wat in ons onmiddellike omgewing woon en dit is hoog op my prioriteitslys om hulle aktief betrokke te kry by die Struisiebond en die skool se aktiwiteite."

Manie nooi graag alle oud-Struisies om hom te kontak met voorstelle om die Struisiebond aktief te hou.

# MATRIEKAFSKEID-MAESTRO GROET...




Dit is met groot hartseer dat Struisieland afskeid neem van "Mnr. Matriekafskeid". Maar eweneens met respek, waardering en trots.

**Respek**, omdat hy as uitgesproke Christenmens sy God, sy land, sy gemeenskap, sy skool en sy gesin met integriteit en liefde gedien het.

**Waardering,** omdat hy hom oor 27 jaar heen met ywer, oorgawe en onbaatsugtigheid aan ons skool en die Oudtshoorn-gemeenskap toegewy het. Johann was 'n alles-of-niks-mens wat net eenvoudig <u>nooit</u> met die tweede beste tevrede was nie!

**Trots,** omdat hy, veral, met sy unieke gawe om 'n matriekafskeidsfunksie in 'n sprokie te omskep, jare lank die verbeelding van 'n menigte in én om Oudtshoorn aangegryp het.

Margaret, Johann, Leon en Tertius: Hoërskool Oudtshoorn bid vir julle en vertrou dat Hy wat alleen al die antwoorde op ons hoekoms en waaroms ken, julle in hierdie moeilike tyd sal vertroos en versterk.

Hoërskool Oudtshoorn eer Johann Strauss se nagedagtenis en sal die spore wat hy op ons bodem nagelaat het, met mooi herinneringe vertroetel.

Skoolhoof, Personeel, Ouers, Leerders en Oudskoliere
Hoërskool Oudtshoorn

# STRUISIE WORD WES-KAAPSE JONGBOER!

**Oud-Struisie, Piet-Botha Schoeman, is vroeër vanjaar aangewys as die Wes-Kaapse Jongboer van die Jaar en ding hy nou saam met die ander 8 streke se wenners om Suid-Afrika se Jongboer van die Jaar mee.**

Hierdie hardwerkende oud-Struisie is baie prakties en hy het sy boerdery van die grond af opgebou. Piet-Botha [33], 'n volstruisboer van Buffelsdrift, het onlangs nog 'n plaas aangekoop. Hy het van jongs af sy entrepreneurskap beoefen en was op skool al besig om al wat 'n besigheid is, te beproef en te bedryf.

Piet-Botha se ma, Rosie Schoeman, het HS Oudtshoorn jare gedien as beheerliggaamlid. **Die Struisiebond wens Piet-Botha alles van die beste toe!**

**AANDAG ALLE MATRIEKS VAN 1967, 1977, 1987 en 1997—kontak asseblief die Struisiebond. Ons wil graag reünies vir 2007 inisieer!**

**Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za**

# KORT NUUS ...

- **Sean de Jager is the new owner of the Golf Driving Range in Oudtshoorn**
- **Mnr. Danie Oosthuizen is aangestel as spanbestuurder van die SWD 0/18-krieketspan.**
- **Tiaan Reinhardt het pas by Price-WaterhouseCooper in Kimberley begin werk.**
- **Tussen 1971 en 2005 gradueer 743 Struisies by Maties.**

TER NAGEDAGTENIS

- **Mnr. Johan van der Merwe [Biologie] het die tydige met die ewige verwissel op Sondag 19 November 2006**
- **Judi Botha [Ford] was in 'n noodlottige motorongeluk beseer.**
- **Dane Saayman, 'n Gr 11-leerder, het ook in Oktober in 'n motorongeluk gesterf.**

Het jy al jou ledegeld vir die Struisiebond betaal ?

Kontak Joènie Vivier by 044-2791623

# LÉANDER STEYNBERG TOP-LEERDER

Léander Steynberg, graad 12-leerder van die Hoërskool Oudtshoorn, het die afgelope vyf jaar akademiese geskiedenis gemaak deurdat hy 'n gemiddelde punt van 101,1% van graad 8 tot graad 12 behaal het. Dit is die hoogste gemiddeld wat nog deur 'n leerder van die skool behaal is.

Hy het by die Hoërskool Oudtshoorn se prysuitdeling 'n spesiale eretoekenning vir dié besondere prestasie ontvang. Saam met hom is 'n trotse mnr Johan Claassen, skoolhoof, wat die toekenning aan hom oorhandig het en mnr. Bernie Deacon, graadhoof. Léander is ook aangewys as een van die 100 top wetenskapleerders in die land en gaan die Science Week in Pretoria bywoon.



Verlede jaar was sy broer, Mariun, die Hoërskool Oudtshoorn se Dux-leerder.

Struisies verwag groot dinge van Léander aan die einde van die jaar! Struisiebond wens hom alles van die beste toe met sy verdere studies.




SPORT

# WICUS NR. 2 IN DIE WÊRELD!

Wicus Lombard, ster-atleet van HS Oudtshoorn, het die silwer medalje tydens die Biathle Wêreldkampioenskappe in Manchester, Engeland, verower. Hy het in die Jeug D-ouderdomsgroep deelgeneem. Struisieland is trots op hom!

**HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL**

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN
6620

Tel : 044-2791623 x 222
Fax: 044-2725365
E-mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**STRUISIEBOND**





Wicus Lombard

**STRUISIEBOND WENS ALMAL 'N GESEËNDE KERSFEES & VOORSPOEDIGE NUWE JAAR TOE**

# SAMMY-JOE IN SA SQUAD

**Sammy-Joe Avontuur, matric pupil of Oudtshoorn High School, was selected for the SA U/19 Elite Cricket Group and subsequently included in the SA U/19 Squad from which the team to the U/19 World Cup will be chosen early next year.**

This follows Sammy-Joe's outstanding performance on the cricket pitch over the past two years.

Sammy-Joe represented the Coca-Cola SWD U/19 team at the Khaya Majola Week in December 2005. He also represented the SWD Senior team last year and became a regular member of the team in 2006.

Sammy-Joe also represented the First Rugby team of the school where he played as fullback.

His biggest support comes from his father, Raymond Avontuur, a well-known cricketer himself and also a provincial cricket administrator.

He just finished his school career and the Struisiebond wishes him everything of the best for the future.



SAMMY-JOE AVONTUUR

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za




# STRUISIEBOND

## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620
TEL 044-2791623 e.mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM**

*DUI AAN MET X / INDICATE WITH X*

OUDSKOLIER / EX-SCHOLAR ☐ ONDERSTEUNER / SUPPORTER ☐ OUDONDERWYSER / EX-TEACHER ☐

VAN / SURNAME : ________________________________

NOOIENSVAN / MAIDEN NAME : ________________________________

VOORNAME / FIRST NAMES : ________________________________

ADRES / ADDRESS : ________________________________

________________________________________________

KODE / CODE : ______________

e-pos / e.mail : ________________________________

TEL: KODE/CODE :__________NR/NO :______________________

MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR : ________________________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE : ☐

DIREK / DIRECT : ☐ STRUISIEBOND, NEDBANK, OUDTSHOORN, 2688310401